basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

ONTWERP V1

(TEORIE)

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 24 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE [10 punte]
Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.
(Ken 10 punte in totaal toe.)



1.1 **(Ken 10 punte in totaal toe.)**

1.1.1 **(Ken 8 punte toe, 'n maksimum van 2 punte per kolpunt/aspek.)**
Die muurpapier-ontwerp maak gebruik van kromlynige **lyne**, afwisselend met soliede en stippellyne.☑ Die soliede en stippellyne skep 'n afwisseling wat die oppervlakpatroon-ontwerp visueel aantreklik maak.☑

Die muurpapier-ontwerp maak gebruik van stippels om sirkelvormige en ovaal **fatsoene** te skep wat die aandag op die fokuspunte vestig.☑ Die gestippelde fatsoene kontrasteer teen die soliede areas van swart; verdere kontras word geskep deur die soliede diamantfatsoene in pienk-pers en geel.☑

Ritme word verkry deur die herhaling van gekleurde fatsoene, wat in eweredig gespasieerde rye gerangskik is.☑ Die herhaling van gestippelde lyne/kolletjies en die herhaling van sirkelvormige vorms wat deur stippels geskep is, skep 'n gereelde ritme sowel.☑

Beklemtoning in die muurpapier word verkry deur die kontras in die fatsoen van die geel sirkels teen die pienk-pers en konkawe diamante, wat die sentrale areas in die muurpapier vorm.☑ Beklemtoning word ook geskep deur die kleurkontras van die geel teen die pienk-pers en swart. Die geel en pienk-pers kleurkontras is opmerklik omdat hulle komplimentêre kleure is.☑

1.1.2 **(Ken 2 punte toe.)**
Die muurpapier skep 'n kleurvolle agtergrond wat kontrasteer met die wit, neutrale vloer, mure, meubels en groen kleur van die plant.☑ Die agtergrond skep 'n fokuspunt en trek onmiddellike aandag in die kamer as gevolg van die herhaalde straalvormige, kleurvolle patrone daarvan.☑
Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V1.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.1.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			1
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.1.1	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.1.2	2
	Evalueer, Besin/Nadink		1.1.1	1
	Sintetiseer, Regverdig			

OF

1.2 **(Ken 10 punte in totaal toe.)**



1.2.1 **(Ken 8 punte toe, 'n maksimum van 2 punte per kolpunt.)**

Die **vorm** van die lamp se voetstuk in FIGUUR B is nie solied nie; dit het in veelvuldige stukke gebreek.☑ Die stukke strek uit na hulle oorspronklike plekke toe op 'n verskeidenheid vlakke met uitgestrekte stokkies, wat 'n dekonstruktiewe, oorspronklike vorm van die lampvoetstuk te voorskyn roep.☑ Die gerekonstrueerde, verpletterede voetstuk, , skep 'n onvolledige vorm, wat met die soliede, keëlvormige vorm van die lampskerm kontrasteer.☑

Die lampskerm het 'n gladde, tasbare **tekstuur** a.g.v. die sagte seildoek-materiaal wat gebruik is.☑ Die individuele stukke waaruit die voetstuk bestaan, het 'n gladde, glasagtige tekstuur omdat dit van geglasuurde erdewerk gemaak is.☑

Die sagte roomkleur binne die lampskerm en die gebreekte lampvoetstuk is in **kontras** met die deurweekte helder appelgroen aan die buitekant van die individuele stukke van die voetstuk.☑ Die onreëlmatig gevormde stukke van die gebreekte erdewerk, gesien in die lampvoetstuk, kontrasteer met die lineêre fatsoen van die stokkies wat dit in plek hou.☑

'n Uitwaartse **beweging** word geskep deur die verskillende groottes van die stukke van die voetstuk, wat 'n ontploffing voorstel wat die erdewerkstukke versprei.☑ Die herhaalde verlengde, horisontale stokke wat die keramiek skerwe in posisie hou skep 'n verstrooide beweging deurgaans die voetstuk. ☑

1.2.2 **(Ken 2 punte toe.)**


Die houer in FIGUUR B is nie 'n veilige produk nie omdat die gedisintegreerde vorm daarvan 'n besering by iemand kan veroorsaak wat dit nie versigtig hanteer nie.☑ Die verlengde stukke gebreekte erdewerk kan die vlees van iemand sny wat dit skoonmaak op afstof.☑ Die houer moet versigtig gehanteer word omdat daar nie genoeg plek is om dit vas te hou nie en dit mag 'n besering by die hanteerder veroorsaak.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V1.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.2.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		1.2.1	1
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.2.1 + 1.2.2	2+2
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.2.1	2
	Evalueer, Besin/Nadink		1.2.1	1
	Sintetiseer, Regverdig			

VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP [10 punte]

2.1 **(Ken 4 punte in totaal toe.)**



2.1.1 **(Ken 3 punte toe.)**

Die ontwerp gee aandag aan die belangrike kwessies van geslagsvooroordeel.☑ Vroue ervaar dikwels dat hulle onderbreek word, geïgnoreer word of verneder word – 'n ervaring waarna dikwels as 'mansplaining' verwys word. Dit lei daartoe dat hulle ondergewaardeer en geminag voel.☑ Die notaboek verberg die vrou se gesig met 'n spraakborrel en die oop mond, en skep sodoende 'n dialoog met die kyker, dat vroue nie as onsigbaar, ondergewaardeer of misverstaan moet word nie. ☑

2.1.2 **(Ken 1 punt toe.)**

JA, die notaboek bemagtig vroue om reguit oor geslagsvooroordeel, seksisme en ongelykheid in die werkplek te praat. Die notaboek word gebruik as 'n instrument om bewustheid te skep en om gesprekke oor geslagsvooroordeel in die werkplek te inisieer.☑ **OF**
NEE die notaboek verwyder of bedek die individuele vrou se identiteit, en maak haar sodoende onsigbaar.☑

2.2 **(Ken 6 punte toe. 'n Maksimum van 2 punte per kolpunt/aspek.)**





Die Dryfhout-lig in FIGUUR D is uit natuurlike organiese **materiaal** gemaak; dryfhout bleik van kleur wanneer dit vir 'n lang tydperk in water lê.☑ In vergelyking hiermee is die Parsi Debons Medusa in FIGUUR E uit 'n sintetiese materiaal gemaak; plastiekgeleipyp ('conduit pipe') wat met skuim en katoen bedek is.☑

Die kleur van die Dryfhout-lig in FIGUUR D is die natuurlike wit **kleur** van gebleikte hout.☑ Anders as die natuurlike oorsprong van die kleur in FIGUUR D, bestaan FIGUUR E uit 'n spektrum van helder opsigtelike kleure van rooi tot pers tot geel wat uit kunsmatige kleurstowwe verkry word.☑

Die Dryfhout-lig in FIGUUR D is moontlik **beïnvloed** deur Afrika- tradisionele houtsneewerk of die Kuns-en-Kunsvlytbeweging omdat dit plaaslike gedroogde hout, in sy natuurlike kleur gelaat, gebruik.☑ In vergelyking hiermee is FIGUUR E deur moderne tegnologie of die Popkunsbeweging beïnvloed, wat in die keuse van materiaal asook kleur gesien word.☑ FIGUUR D sou ook beïnvloed kon word deur die vorm van 'n madeliefieblom met blaartjies wat uitstraal.☑ FIGUUR E is dalk beïnvloed deur stadslandskappe en verstrengelde elektriese drade.☑

LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 2 punte mag vir antwoorde in tabelvorm toegeken word. 'n Maksimum van 4 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte vergelykings aanbied wat substansiële en relevante stellings toon. Gebruik die kognitiewe vlakke as 'n riglyn in jou nasienwerk.

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	2.1.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		2.2	2
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	2.1.1	2
			2.2	2
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	2.1.2	1
	Evalueer, Besin/Nadink		2.2	2
	Sintetiseer, Regverdig			

VRAAG 3 [10 punte]

LET WEL:Slegs TWEE voorbeelde (3.1 en 3.2) sal vir hierdie nasienriglyne bespreek word.




3.1 **(Ken 'n maksimum van 2 punte per kolpunt/aspek toe vir 'n totaal van 10 punte.)**

Die Erechtheion se ontwerp is deur Griekse mitologie en stedelike ontwikkeling in Klein-Asië **beïnvloed**, veral in die gebruik van die Ioniese orde.☑ Die Erechtheion se ongewone asimmetriese vorm is beïnvloed deur die argitek se behoefte daaraan om al die kultusse in een gebou te akkommodeer, terwyl die struktuur ook vir die terrein se ongelyke grond aangepas is.☑ Die bekendste argitektoniese kenmerk daarvan, die Kariatide stoep, bestaan uit beeldhouwerk van vroulike figure wat as **dekoratiewe** steunkolomme dien, 'n afwyking van tradisionele Doriese strukture.☑ Die Akropolis-museum, aan die ander kant, verkry sy inspirasie uit die stedelike uitleg van Athene en moderne minimalistiese ontwerpbeginsels wat versierings vermy.☑ Die 23 garde rotasie van die struktuur beklemtoon die invloed van die pensioenering relevant tot dié van die Parthenon dus word . , 'n harmoniese verhouding met die omgewing verseker, m.a.w. die Akropolis en die Parthenon.☑ Die Akropolis-museum is vry van dekoratiewe elemente, om die natuurlike elemente van lig speel te beklemtoon, 'n beïnvloedende rol in die museum se ontwerp, met dakvensters en groot glasfassades wat sigbaarheid en verbinding met die Akropolis verbeter.☑

Die **materiale** wat in beide strukture gebruik word, weerspieël hulle afsonderlike tydperke en doeleindes. Die Erechtheion het hoofsaaklik Penteliese marmer vir sy kolomme en dekoratiewe elemente gebruik, gekomplementeer deur donker Eleusiniese kalksteen vir strukturele ondersteuning en estetiese kontras.☑ Brons, seder- en eikehout is vir addisionele dekoratiewe en funksionele komponente geïnkorporeer.☑ Die Akropolis-museum gebruik 'n kombinasie van glas, beton, marmer, staal en yster.☑ Glas is essensieel vir die ontwerp, en verskaf natuurlike beligting en sigbaarheid, terwyl die beton strukturele stabiliteit verseker.☑ Verskillende skakerings van marmer onderskei verskillende ruimtes in die museum, met swart marmer vir voorportale en ligte beige vir uitstallingsruimtes.☑ Hierdie materiaalkeuses dra by tot die museum se vermenging van kontemporêre en klassieke invloede, en versterk die rol daarvan as 'n brug tussen die verlede en die hede.

Die **konstruksie** van die Erechtheion het ingewikkelde tegnieke vir die hantering van Penteliese marmer behels, wat na die Akropolis met behulp van sleë, oprybane en vroeë vorme van hyskrane vervoer is.☑ Bouers het 'n tegniek met die naam handsteen- isodomiese messelwerk vir die mure gebruik, m.a.w. klippe, presies gesny, wat in eenvormige lae gerangskik is. Metaal-klemme en penne het die struktuur versterk, wat duursaamheid verseker.☑ In kontras hiermee inkorporeer die Akropolis-museum gevorderde moderne ingenieurswese, aardbewingbestande **tegnologie** met deurdringende pale en rollaers.☑ Die museum se dubbellaag-glasfassade help met passiewe

verkoeling en hou 'n optimale binnenshuise klimaat in stand.☑ Deursigtigheid is 'n bepalende element van die museum se bouwerk, met glasvloere wat argeologiese oorblyfsels daaronder ontbloot, wat 'n interaktiewe ondervinding vir besoekers skep.☑

Die Erechtheion-tempel, ontwerp deur die Mnesikles, het in 421 VHJ begin en het 15 jaar later in 406 VHJ geëindig. Dit is geleë op 'n argitektonies en simbolies **betekenisvolle terrein**, die Akropolis, 'n groot rotsagtige heuwel wat oor die antieke stad, Athene, uitkyk.☑ Dit is die tuiste van verskeie belangrike tempels, onder andere die Parthenon, wat die kultusstandbeeld van Athena, die beskermheilige godin van Athene, huisves – dit is 'n betekenisvolle terrein vir Griekse kultuur.☑ Die uitleg van die tempels op die Akropolis weerspieël die balans tussen Atheense burgerlike mag, die indrukwekkende perfekte simmetrie en oos-wes-as van die Parthenon, en diepgewortelde religieuse tradisies wat in die asimmetrie en Ioniese elegansie van die Erechtheion weerspieël word.☑ Op soortgelyke wyse is die werf waarop die Dekonstruktivisme-styl-Akropolis-museum, gebou is 2009, en ontwerp deur Bernard Tschumi Architects, betekenisvol; dit is geleë op die suid-oostelike helling van die Akropolis, 280 meter van die Parthenon af.☑ Die Akropolis-museum sluit 'n Parthenon Galery in wat panoramiese uitsigte van die antieke terrein bied.☑ Die museum is op die antieke Panathenese Pad gebou, 'n pad wat lank gelede na die 'heilige klip' van die Akropolis gelei het.☑ Die museum inkorporeer moeiteloos 'n 7de-eeuse argeologiese terrein waaroor dit gebou is. Die argeologiese oorblyfsels is deur 'n glasvloer vir die publiek sigbaar.☑ Beide die Erechtheion- en die Akropolis-museum-strukture versterk die betekenis van die Akropolis as 'n plek van historiese, politieke en kulturele belang.☑

Die primêre **funksie** van die Erechtheion was godsdienstig; dit het gedien as 'n tempel gewy aan Athena Polias, maar het ook relikwieëkissies vir ander goddelikhede.☑ Dit is in twee kamers verdeel: 'n oostelike kamer wat aan Athena gewy is en wat die godin se houtkultusstandbeeld gehuisves het, en 'n laer westelike kamer wat relikwieëkissies van Poseidon-Erechtheus, Hephaistos en Boutes, Erechtheus se broer, geakkommodeer het. Die tempel het heilige voorwerpe soos Athena se olyfboom, 'n soutwaterput verbind met Poseidon en die legendariese graf van Erechtheus bevat.☑ In kontras hiermee funksioneer die Akropolis-museum as 'n moderne uitstallingsruimte wat artefakte van die Akropolis huisves, wat hulle bewaring en vertoning verseker.☑ 'n Sleutel- argitektoniese kenmerk is die boonste galery wat met glas toegemaak is, beïnvloed deur die potensiële terugkoms van die Parthenon-marmers van die Britse Museum; dit is spesifiek ontwerp om hierdie histories belangrike standbeelde uit te stal.☑ Addisionele kenmerke, soos 'n ouditorium, restaurant en kroeg, versterk die besoeker se ervaring en transformeer die museum tot 'n uitgebreide kulturele spil eerder as slegs 'n ruimte vir godsdienstige of historiese artefakte.☑

Ten slotte is beide die Erechtheion en die Akropolis-museum testamente vir Athene se argitektoniese evolusie, wat die godsdienstige, kulturele en tegnologiese vooruitgang van hulle onderskeie eras weerspieël. Terwyl die Erechtheion die heilige tradisies en kunstige vaardigheid van antieke Griekeland beliggaam, verteenwoordig die Akropolis-museum moderne innovering en die voortdurende bewaring van die Griekse erfenis.☑

OF

3.2 Daar word van die kandidaat verwag om 'n opstel te skryf waarin enige Klassieke gebou/struktuur met 'n kontemporêre gebou wat hulle bestudeer het, vergelyk word deur na die gegewe kolpunte te verwys. Ken twee punte per kolpunt toe. Gee krediet aan enige geldige stellings.

OF

3.3 **'N KLASSIEKE OF KLASSIEK-GEÏNSPIREERDE GEBOU/STRUKTUUR IN VERGELYKING MET 'N INHEEMSE KENNISSTELSELS(IKS)-GEBOU/-STRUKTUUR**

Klassieke argitektuur is 'n tipe bouontwerp wat deur die beginsels van antieke Griekse of Romeinse ontwerp geïnspireer word. Dit fokus op balans, egte verhoudings en spesifieke kolomstyle (Dories, Ionies en Korinties). Die **Erechtheion** is 'n goeie voorbeeld van 'n tempel van die Ioniese orde. Aan die ander kant is Inheemse Kennisstelsels(IKS)-argitektuur 'n deel van volksboukunde, gebaseer op die tradisies en kennis van inheemse mense. Die **hutte van die Dorze-mense** wat hoog in die Skeurvalleiberge in Suidelike Ethiopië woon, is 'n goeie voorbeeld van volksboukunde wat deur plaaslike materiale en tradisionele boumetodes beïnvloed word, wat voldoen aan die behoeftes van die mense en aanpas by verskillende weerstoestande en verskillende situasies.

Die Griekse Erechtheion-tempel, **beïnvloed** deur die legende van die stryd tussen Athena en Poseidon wat vir beheer oor Athene gekompeteer het, bewaar hierdie mitologiese gebeurtenis.☑ Op die vloer van die stoep van die Kariatide is 'n deel waar marmerblaaie weg is, waardeur 'n paar kerwings gesien word. Dit is glo deur Poseidon se drietandvurk veroorsaak.☑ In kontras.hiermee is die hutte van die Dorze mense geleë binne n inheemse kennis stelsel. In hierdie stelsel word argitektoniese kennis nie in formele skole onderrig nie, maar deur geslagte heen oorgedra deur middel van plaaslike praktyk, observasie en ervaring. In plaas daarvan om deur 'n spesifieke historiese gebeurtenis geïnspireer te word, reageer die vorm van die hutte direk op die plaaslike klimaat. Hul dik, geweefde mure en hoë, skuins dakke bied isolasie teen beide hitte en swaar reën, wat demonstreer hoe inheemse kennis in die geboude omgewing ingebed is. ☑ 'n Ander tipe inspirasie is sigbaar in die Erechtheion: die Kariatide-stoep het ses uitgekerfde vrouefigure wat dien as **dekoratiewe** steunpilare en die vroue van Karia verteenwoordig; tipies van die Ioniese orde wat in die Griekse stede van Klein-Asië sy oorsprong gehad het.☑ Anders as die mitologiese inspirasie van die Erechtheion-tempel, het die Dorze-hutte, -huise en -simbole van identiteit geen versierings nie; hulle word egter deur die gesig van 'n olifant beïnvloed.☑ Die twee ventilasiegate aan die bokant lyk soos die olifant se oë, terwyl die uitstaande ingang sy adellike slurp weerspieël.☑

Die bou-**materiaal** wat vir die grootste deel van die Erechtheion-tempel gebruik is, die kolomme, mure en dekoratiewe elemente van die tempel ingesluit, is Penteliese marmer, plaaslik verkry, 'n wit marmer van hoë gehalte, wat uit die Penteli-berge naby Athene uitgegrawe word.☑ 'n Donker Eleusiniese kalksteen, uitgegrawe naby Eleusis, is gebruik vir die strukturele elemente, soos die fondasie, wat 'n sterk basis vir die tempel verskaf het.☑ Dit is ook gebruik vir die blaaie van die geweldriehoek om met die wit Penteliese marmerstandbeelde te kontrasteer, wat aan die geweldriehoek met metaalklemme, dikwels van yster of brons gemaak, vasgemaak is.☑ Hierdie kombinasie van donker Eleusiniese kalksteen en wit marmer het 'n treffende kontras geskep wat die visuele aantrekking van die Erechtheion versterk het.

Brons is vir dekoratiewe elemente gebruik, soos metaalhegstukke, deurpasstukke en ander ornamentele details.☑ Seder- en eikehout is in die konstruksie van die dak en sommige binnenshuise elemente gebruik.☑ Om kleur aan die tempel te gee, is verskillende natuurlike pigmente op die standbeelde en argitektoniese besonderhede aangewend, wat aan die

Erechtheion 'n lewende voorkoms gegee het.☑ Net so het die Dorze-mense ook plaaslik beskikbare materiale soos bamboes en gras gebruik. Hierdie hulpbronne is hernubaar en volhoubaar, in lyn met hulle tradisionele praktyke.☑ Bamboes, 'n inheemse, hernubare woud-hulpbron uit Oos-Afrika, is 'n duursame strukturele en ingenieursmateriaal.☑ Die goedkoper huise se dakke word gedek met koring- of garsstrooi, maar die bestes word bedek met bamboesbekleding wat 10–20 jaar kan hou.☑ Die Dorze-bouers begin met rou bamboes en verdeel en weef die materiaal in 'n stewige struktuur wat soos 'n byekorf lyk.☑ Die hutte word dan met 'n laag strooi bedek en met 'n buitenste laag bamboesbekleding afgewerk.☑

Die **konstruksie** van die Erechtheion-tempel het die vervoer van groot blokke marmer behels, wat uitgegrawe is en na die Akropolis vervoer is. Dit het presiese beplanning en koördinasie vereis, asook die gebruik van tegnologie soos sleë, oprybane en moontlik vroeë vorme van hyskrane.☑ Masjiene soos hefbome en katrolle is waarskynlik gebruik om die swaar marmerblokke gedurende die konstruksie te lig en te posisioneer.☑ Die mure is gebou met gebruik van die tegnologie van handsteen- isodomiese messelwerk, wat presies gesnyde, gladde klippe behels, wat in eenvormige, horisontale lae gerangskik is.☑ Vaardige vakmanne het gereedskap, soos beitels, gebruik om die marmerblokke presies in die ingewikkelde argitektoniese elemente, soos die kolomme, friese en die Kariatide standbeelde, uit te kerf.☑ Metaalklemme en penne is gebruik om die marmerblokke stewig aan mekaar vas te sit, en die strukturele integriteit van die tempel te verseker.☑ Dreineringstelsels is geïnkorporeer om reënwater te beheer en erosie te voorkom, wat noodsaaklik was vir die lang lewensduur van die struktuur.☑ Die argitekte en bouers het gevorderde kennis van wiskunde en meetkunde gebruik om te verseker dat die tempel se verhoudings en inlynstellings presies was. Dit het die gebruik van die goue verhouding en ander meetkundige beginsels ingesluit.☑ Anders as tradisionele Griekse, Doriese tempels wat simmetries was, het die Erechtheion 'n asimmetriese uitleg, wat die invloed van die belangrike verskil in hoogte tussen die oostelike en westelike dele van die terrein weerspieël.☑

Net so vereis die **konstruksie** van 'n Dorze-hut die vaardighede van 'n vakman wat begin met die versigtige keuse van materiale – gesplete bamboes. Die harder stutpale word alternatiewelik met konvekse en konkawe oppervlakke geplaas vir meer buigsaamheid aan die bokant van die spits struktuur. ☑Die gesplete bamboes word dan in buigsame panele geweef; dit vorm die basis van die struktuur.☑ Hierdie panele word geleidelik tussen die stewige stutpale ingeweef, wat 'n raamwerk skep wat met elke byvoeging boontoe styg. Soos wat die gebou hoër raak, word steierwerk opgerig in die vorm van platforms wat van pale gemaak is, wat deur die huis gesteek word en 'n leer aan die buitekant vorm.☑

'n Grasdak word dan van bamboesblare met gras bo-op gemaak; uiteindelik sal die bouer die stukke intrek en ringe wat kleiner raak, weef totdat dit finaal met 'n kroon toegemaak word, wat apart op die grond geweef word.☑ Die huise is hoër as sewe meter, en dit laat geleidelike krimping toe, want verrotting en termiete vreet die basis van die huis wat tipies sowat 2 tot 5 sentimeter per jaar verloor. Die hoofingang tussen die stoep en die huis is baie hoog vir dieselfde rede, alhoewel die deur na die stoep eenvoudig elke paar jaar oorgeweef word.☑

Die antieke Griekse tempel, die Erechtheion, se ligging is op 'n argitektonies en simbolies betekenisvolle terrein, die Akropolis, 'n groot, rotsagtige heuwel wat uitkyk oor die antieke stad van Athene.☑ Ná die Persiese aanval op die stad Athene 480 VHJ, is verskeie belangrike tempels in 447 VHJ op hierdie heuwel gebou, waarvan die eerste, onder andere, die Parthenon, wat die kultusstandbeeld van Athena, die beskermheilige godin van Athene, gehuisves het.☑ Die uitleg van die tempels op die terrein weerspieël die balans tussen die Atheense burgerlike mag, getoon deur die indrukwekkende perfekte simmetrie en oos-wes-as van die Parthenon, en diepgewortelde religieuse tradisies, weerspieël in die asimmetrie en Ioniese elegansie van die Erechtheion, wat sodoende die Akropolis as beide 'n politieke en heilige terrein versterk.☑

In kontras hiermee word Dorze-hutte nie noodwendig op terreine met spesifieke historiese of kulturele betekenis gebou nie; die **ligging** van die hutte gaan meer oor die praktiese aspek en die beskikbaarheid van hulpbronne soos bamboes en Abessynse piesangplante ('ensete').☑ Hierdie hutte word tipies in hulle klein dorpies gebou, soos die 'Dorze Village' naby Arba Minch in suidelike Etiopië.☑ 'n Unieke aspek van die hutte is dat hulle ligging of terrein verander kan word: wanneer 'n Dorze-hut begin verrot of deur termiete gevreet word, word die huis opgegrawe.☑ Bamboes word om die huis gegooi om die vorm te behou, en al die mense in die dorpie help om dit te dra met pale wat horisontaal daardeur gesteek is; die vroue met hulle rûe teen die muur terwyl hulle aan die onderste kante vashou, die kinders wat pale vashou om te keer dat dit omval; dit word na die nuwe terrein toe geneem – 'n klein bietjie korter as tevore.☑ 'n Huis hou vir ongeveer veertig jaar, daarna staan dit verlate.☑

Die Erechtheion-tempel het as 'n heilige en mistieke tempel vir veelvuldige relikwieëkissies **gefunksioneer**, maar is hoofsaaklik vir religieuse doeleindes gebruik, aan Athena gewy.☑ Gebou tussen 421 en 406 VHJ het dit die standbeeld van Athena Polias gehuisves, maar dit was waarskynlik 'n heiligdom vir religieuse artefakte eerder as wat dit net aan een goddelikheid gewy is.☑ Binne die oostelike kamer was altare vir Zeus Hypatos, Poseidon-Erechtheus, Hephaistos en Boutes, met trone vir tempelpriesters. Die westelike deel sou die graf van Erechtheus en 'n heilige tablet kon bevat het. Noemenswaardige kenmerke sluit in die Lamp van Kallimachos, 'n soutwaterput en 'n versameling oorlogsbuit.☑ Die heiligdomdistrik het moontlik Athena se heilige olyfboom, die slangput en die Graf van Kekrops gehuisves.☑ In kontras hiermee funksioneer die Dorze-hut, slegs een struktuur in die dorpie, as 'n gesinswoning waar daaglikse aktiwiteite soos kook, slaap en sosialiseer plaasvind en dit bied skuiling teen die elemente.☑ Die byekorfvormige struktuur, tot 5 meter hoog, het 'n ingang wat lyk soos 'n olifant se slurp, wat 'n ontvangskamer vir gaste vorm en met twee bankies gemeubileer is.☑ Die hut het 'n ruim binnekant, wat lyk soos 'n omgekeerde vaas, en bied aparte kamers

vir leef, kook, berging en huisves selfs lewende hawe.☑ Elke huis het sy eie klein tuin omring deur inheems Abessynse piesang ('ensete'/vals piesang), beddings met speserye, kool en tabak.☑

Krediet moet gegee word aan enige ander geldige stellings of 'n vergelyking van 'n Klassieke of Klassiek-geïnspireerde gebou/struktuur met enige kontemporêre gebou of 'n vergelyking van 'n Klassieke of Klassiek-geïnspireerde gebou/struktuur met enige Inheemse Kennisstelsels(IKS)-gebou/struktuur wat die kandidaat bestudeer het.

LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte kan vir antwoorde in tabelvorm toegeken word. 'n Maksimum van 7 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte opstelle aanbied wat belangrike en relevante stellings toon. Gebruik kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou nasienwerk.

V3 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	3	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			2
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	3	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	3	1
	Evalueer, Besin/Nadink			2
	Sintetiseer, Regverdig			

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

VRAAG 4 [30 punte]

4.1 **Ken 20 punte in totaal toe.**
Ken 10 punte vir elke beweging toe.

Vir elke beweging ken soos volg punte toe:
5 punte in totaal vir doelwitte, invloede en kenmerke
2 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld
1 punt vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp en
2 punte vir verwysing na die stelling in die konteks van die ontwerpbeweging

LET WEL: SLEGS EEN punt kan vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp van elke beweging toegeken word. Gebruik die kognitiewe vlakke as riglyne.

Hierdie nasienriglyne verskaf 'n antwoord vir die volgende twee moontlikhede:

- **ART NOUVEAU**
- **DEKONSTRUKTIVISME**

Art Nouveau
Art Nouveau, wat in die laat 19de en vroeë 20ste eeue ontstaan het, het weggebreek van historiese style om iets nuuts en moderns te skep.☑ Hierdie liberale tipe benadering het gepas by die hoop van 'n samelewing wat vinnige tegnologiese en kulturele veranderinge ondervind het. Soos in die aanhaling weerspieël word, het Art Nouveau-ontwerp idees ingesluit 'wat as algemeen beskou word deur die mense vir wie die voorwerp bedoel is'.☑

Art Nouveau se **doelwit** was om dekoratiewe kuns soos die Draakvrou ('Dragon Woman')-borsspeld/-corsage na die vlak van skone kuns te verhef om 'n gevoel van harmonie en eenheid in ontwerp te skep en om die klem op die belangrikheid van vaardige vakmanskap te plaas.☑ Die gebruik van luukse materiale, soos goud, emalje, eksotiese edelstene en diamante, maak die beweging se klem op vakmansgehalte en ingewikkelde detail duidelik.☑ Die borsspeld verteenwoordig 'n afwyking van tradisionele juwelierswareontwerp, met die opsigtelike verbeeldingryke gebruik van materiale.☑ Hierdie ideaal was aantreklik vir mense wat waarde geheg het aan vakmansvaardighede en die unieke aard van handgemaakte items in kontras met massavervaardigde goedere.☑

Art Nouveau is **beïnvloed** deur die natuur en natuurlike vorme, soos plante, blomme, en vloeiende lyne.☑ Hierdie band met die natuur is sigbaar in die Draakvrou('Dragon Woman')-borsspeld/-corsage wat inspirasie put uit beide die natuurlike wêreld en mitiese kreature.☑ Lalique se borsspeld demonstreer 'n verenigde en gebalanseerde komposisie, waar elke element bydra tot die algehele skoonheid en elegansie van die stuk.☑ Deur handel en kulturele ruil was Japannese kuns, wat natuurlike elemente geïnkorporeer het, waaronder die naaldekoker 'n algemene motief was, 'n invloed, asook asimmetriese komposisies wat in die uitmiddelpuntige ontwerp van die Draakvrou('Dragon Woman')-borsspeld sigbaar is.☑

Die styl word **gekarakteriseer** deur kronkelende, krom lyne wat natuurlike vorme na-aap en 'n gevoel van vloeibaarheid en grasie aan hulle ontwerpe gee.☑ Die gebruik van ryk, lewendige kleure en ingewikkelde dekoratiewe patrone is 'n stempel van Art Nouveau wat dikwels gekenmerk word deur gestileerde natuurlike vorme en uitgebreide detaillering.☑ Baie Art Nouveau-werk bevat simboliese en allegoriese elemente, en maak gebruik van temas uit die mitologie, natuur en die menslike psige.☑




Een voorbeeld van die Art Nouveau-beweging is die Draakvrou('Dragon Woman')-borsspeld-ornament deur René Lalique, geskep rondom 1897–1898.☑ Die borsspeld/corsage bestaan uit 'n naaldekoker-vrou, uit goud en emalje gemaak, met delikate vlerke in brandskilderglas-emalje, met diamante uitgebrei.☑ Uit die oop mond van die insek, met grypvoëlkloue, verrys 'n bors van 'n vrou wat uit ligte turkoois-groen chrisopraas-edelsteen gekerf is.☑ Die vrou se kop is met 'n helm bedek, met twee kewer-figure in emalje en goud versier.☑ Die lang, gesegmenteerde liggaam van die insek sluit ovaal kalsedoon('n soort kwarts)-stene.☑ Hierdie stuk juweliersware vertoon Lalique se vaardigheid om natuurlike vorme met weelderige materiale te vermeng, wat die wese van Art Nouveau verteenwoordig.☑

Dekonstruktivisme
Voorgestel deur gefragmenteerde vorme en 'n gevoel van onvoorspelbaarheid, is Dekonstruktivisme dalk die teenoorgestelde van die idee dat ontwerp idees insluit 'wat as algemeen beskou word'.☑ Aan die ander kant, terwyl Dekonstruktivisme dalk nie konvensionele idees van harmonie en eenheid ondersteun nie, kan dit steeds die gedeelde waardes uitdruk van 'n gemeenskap wat innovering, ingewikkeldheid en kritiek prioritiseer.☑

Die **doelwit** van Dekonstruktivisme was om tradisionele norme uit te daag en omver te gooi en om innovering aan te gryp.☑ Sodoende sluit dit 'n gedeelde behoefte in om weg te breek uit konvensionele vorme en nuwe moontlikhede te ondersoek wat die veelsydige aard van kontemporêre lewe simboliseer.☑

Die beweging is **beïnvloed** deur die filosofiese teorie van dekonstruksie, ontwikkel deur die Franse filosoof, Jacques Derrida.☑ Hierdie teorie bevraagteken tradisionele binêre en vaste betekenisse, en moedig 'n meer vloeibare en gefragmenteerde benadering tot interpretasie aan.☑ Dekonstruktivisme was 'n reaksie teen die rigiede en voorspelbare style van Modernisme, asook die klaarblyklike beperkinge van Postmodernisme.☑

Kenmerkend van die ontwerpbeweging het ontwerpers 'n mengsel van materiale gebruik, soos metaal, hout en plastiek op onkonvensionele maniere om 'n gevoel van verrassing en innovering te skep.☑ Waar tradisionele ontwerp dikwels funksionaliteit beklemtoon, prioritiseer Dekonstruktivistiese meubels kunssinnige uitdrukking, soms ten koste van die praktiese aspek.☑ Dekonstruktivistiese ontwerpe word dikwels gekenmerk deur gefragmenteerde vorme wat tradisionele strukture afbreek en 'n gevoel van verwarring en ingewikkeldheid skep.☑




'n Voorbeeld van Dekonstruktivistiese meubels is Frank Gehry se 'Waggelstoel' ('Wiggle Chair').☑ Die kronkelende, vloeibare vorm daag tradisionele idees van simmetrie en struktuur uit.☑ Dit is gebou met lae gelamineerde riffelkarton.☑ Gehry se ontwerpe maak dikwels die lyn tussen funksionele objekte en beeldhouwerk onduidelik.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V4.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			4
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.1	8
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.1	2
	Evalueer, Besin/Nadink			4
	Sintetiseer, Regverdig			

4.2 **[10 punte] (Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek toe.)**





Die De Stijl-klubstoel, FIGUUR H, weerspieël 'n formalistiese **doelwit** van wiskundige wette, formele balans en harmonie. De Stijl se doelwit was vir minimalisme om die perfekte orde in balans tussen teenoorgesteldes te bereik, uitgedruk in geometriese vorm en reguit lyne.☑ Die De Stijl-klubstoel benadruk eenvoud en orde om 'n koue, rasionele wiskundige en abstrakte styl te skep.☑ In kontras hiermee is die doelwit van die Postmoderne stoel in FIGUUR I duidelik om vorm te fragmenteer, omdat die stoel die anti-ontwerp-doelwit van die Postmoderne beweging vertoon; ☑ die verwerping van aanvaarde standaarde van skoonheid soos harmonie, balans en orde.☑ Hierdie stoel toon die Postmodernistiese verwerping van die gewoonheid van Bauhaus en in lyn met hulle doelwitte, plaas dit die klem op kreatiwiteit, verskeidenheid en individualiteit.☑

De Stijl is **beïnvloed** deur die Nederlandse filosofie van Neoplastisisme, Theosofisme en tradisie van logika, erns en duidelikheid soos gevind in die teorieë van die filosoof Schoenmaeker, ☑ wat geglo het die natuur kan verklein word tot binêre teenoorgesteldes en basiese vertikale en horisontale lyne en geometriese vorme.☑ Aan die ander kant word die Postmoderne stoel beïnvloed deur Kubistiese fragmentering en fasettering.☑ Voorheen aanvaarbare konvensies en metodes is vervang met 'n nuwe, dikwels prettige en spelerige gebruik van materiale.☑

Tipies van die beweging het die De Stijl-sitkamerstoel primêre **kleure**, rooi, blou en geel, en neutrale swart en wit, gebruik.☑ Die kleur word aangewend op 'n plat, niegetekstureerde manier.☑ Hierteenoor gebruik die Postmoderne stoel slegs swartgekleurde leer, swart plastiek en 'n enkele kontrasterende silwer aluminium stiletto-poot.☑

Die **vorm** van die De Stijl-klubstoel is blokagtig en star/rigied deur die gebruik van vierkantige en reghoekige kleurblokke.☑ Dit skep 'n simmetriese balans wat geometriese abstraktheid, eenvormigheid en moderniteit vier.☑ In kontras hiermee het die Postmoderne stoel nuwe grense ondersoek en vorme afgebreek om veelvuldige perspektiewe te weerspieël en ingewikkelde vorme te skep.☑ Die wigvorm van die Postmoderne stoel word ondersteun deur 'n enkele stiletto-vormige poot, wat humor aan die ontwerp verleen.☑ Starck het 'n weerspreking van vorm geskep; die stiletto-poot lyk lendelam, maar funksioneel is dit sterk en stewig.☑

Die De Stijl-stoel, met 'n stewige rugleuning en armleunings, is duidelik **ergonomies** ontwerp om 'n mens te ondersteun, met die bykomende gerief van die sagte stoffering.☑ Die Postmoderne stoel is ontwerp met 'n verstelbare sitplek om geriefliker ontspanne gemak te skep. Die sagte, gestoffeerde rugleuning en armleuning ondersteun die menslike liggaam.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte kan vir antwoorde in tabelvorm toegeken word. 'n Maksimum van 7 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte opstelle aanbied wat belangrike en relevante stellings toon. Gebruik kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou nasienwerk.

V4.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.2	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			1
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.2	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.2	
	Evalueer, Besin/Nadink			2
	Sintetiseer, Regverdig			1

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

VRAAG 5 [20 punte]

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1 **(Ken 20 punte in totaal toe.)**



5.1.1 **(Ken 4 punte toe.)**

Die bankie word deur fatsoene van oë, hande en gesigte van vroue met die woorde: 'watching out for each other' gekenmerk.☑ Deur die insluiting van oë, hande en gesigte van vroue wou die ontwerper die konsep van oë op straat en om op die uitkyk te wees na mekaar, sigbaar maak.☑ Die ontwerper het beplan dat asdie bankies voor winkels en ander opsigtelike plekke geplaas is sou hulle 'n veilige hawe vir meisies en vroue sou verskaf, terwyl die aandag op die kwessie van fisieke aanranding gevestig word.☑ Die gebruik van die pienk kleur (alhoewel stereotipes met vroue/vroulikheid geassosieer) saam met die woorde: 'creating safe spaces', maak dit eksklusief vir meisies om 'veilig' te voel.☑

Gee krediet aan enige ander geldige antwoorde.

5.1.2 **(Ken 16 punte toe.)**

Ken 16 punte in totaal toe, 8 punte per gevallestudie: 1 punt vir die naam van die ontwerper en ontwerp, 5 punte vir 'n bespreking van die doelwitte, materiale en tegnieke en 2 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld en hoe dit sosiokulturele kwessies aanpak.

EEN SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE SOSIO-KULTURELE ONTWERPER/ONTWERPGROEP:





Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en ontwerpproduk

Violence Prevention Through Urban Upgrading (VPUU) saam met Sikhula Sonke en See-Saw-Do het die leer-bus geskep.☑

Bespreek die doelwitte, materiale en tegnieke van hierdie ontwerper
Die **doelwit** van die bus is om bewustheid oor projekte wat handel oor jeugonderwys en/of geslagsgebaseerde geweld, vrouemoord en geweld in die algemeen in die gemeenskap te skep.☑ Die buitekant van die bus is helder van kleur en met grootskaalse muurskilderye in 'n gestileerde **tegniek** deur See-Saw-Do versier.☑ Dit veroorsaak dat die bus in die gemeenskap uitstaan.☑ Die binnekant is vernuwe met gebruik van modulêre of sitplek/stoorplek wat verander kan word om die beperkte ruimte te maksimaliseer.☑

Duursame, dog bekostigbare, **materiale**, soos verf, nuwe meubels, plakkate, vloerbedekking en kaste is gebruik, om die boeke te vertoon vir die jong kinders om te lees.☑ Krytborde is ook in die bus opgerig en opvoedkundige speelgoed is verskaf om aktiewe leer te fasiliteer.☑ Deur lees en ander ontspannende aktiwiteite word die jong kinders oor geweld en die uitwerking daarvan in hulle gemeenskap geleer.☑

Analiseer EEN voorbeeld wat verduidelik hoe hierdie ontwerp sosiokulturele kwessie(s) aanpak
Die bus dien as 'n mobiele leermiddelpunt wat tussen verskillende verafgeleë gebiede beweeg en as 'n gemeenskapsentrum dien.☑ Dit is ook 'n inligtingspunt wat sosiale, ekonomiese en institusionele dienste verskaf.☑ Die bus is 'n kommunikasie- en aktiveringsvoertuig vir sosiale, leer- en ontspanningsprogramme in die informele nedersettings van Monwabisi-park, Lotuspark in Gugulethu en die Heights in Lavender Hill.☑ Die kinders word opgevoed oor die lewe en oorlewingsvaardighede.☑ Die bus werk met plaaslike vroeëkinderjare-ontwikkelingsfasiliteerders van Sikhula Sonke, wat die kinderstories lees en informele leeraktiwiteite bestuur.☑

EEN INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERPGROEP



Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en hulle ontwerpproduk
Straw Bale SIPS deur Chris Morgan Architects.☑

Analiseer die doelwitte, materiale en tegnieke van hierdie ontwerper
Chris Morgan Architects het die Straw Bale SIPS ontwerp met 'n **doelwit** om 'n alternatiewe oplossing te bied vir behuising in die semi-landelike gebiede van die Verenigde Koninkryk.☑

Tradisionele strooibale is as **materiaal** vir die huis se konstruksie gebruik, want dit is 'n laevlaktegnologie- en bekostigbare roete na 'n baie ekologies verantwoordelike woning.☑ Strooi is 'n natuurlike en nie-toksiese materiaal; rou hout en beton is ewe behaaglik, so dit kon 'n goeie begin vir die skepping van 'n gesonde woning wees.☑ Wat die **tegniek** betref, is die voorafvervaardigde panele in 'n beheerde omgewing van die fabriek gemaak, wat die ideale voginhoud van die mure verseker.☑ Die panele is met hout en pleister verseël vir verdere beskerming teen verwering gedurende konstruksie, en die vinnige installasie van die klaargemaakte panele beteken dat jy vinnig 'n dak oor jou kop kan kry.☑

Voorafgeverfde panele is 'n opsie om uit te kies en 'n verlenging kan vir verdere ontwikkeling bygevoeg word.☑ Binnemure is reguit, en vereis slegs pleistering soos wat enige gipsbordmuur sou.☑ Omdat hierdie generasie 'n ontstellende neiging na meer respiratoriese siektes ervaar, veral 'n toename in aangemelde gevalle van asma, trek die gemeenskap om gesondheidsredes voordeel omdat Straw Bale SIPS 'n vars binnenshuise gehalte lug sonder besoedeling skep.☑

Bespreek EEN voorbeeld en verduidelik hoe hierdie ontwerp sosiokulturele kwessie(s) aanpak
Buiten die verskaffing van 'n goedkoper bou-opsie, is die voordeel van strooibale bo 'n konvensionele houtkonstruksie dat 'n strooibaal in staat is om na beide kante uit te droog, in vergelyking met die meeste huise wat 'n ondeurdringbare keermuur van poliëtileen insluit, wat droging na die interieur gedurende ons warm, klam somermaande voorkom, wat kondensasie en dus oormatige damp en muf in die huismure kan veroorsaak.☑ Selfs al kan los, droë strooi maklik aan die brand raak, is dit nie maklik om aan die brand te raak as dit in 'n baal saamgepers is nie.☑ Saamgedruk tussen twee lae pleister, raak dit een van die mees brandbestande huise wat gebou kan word.☑ Die strooistelsel is feitlik ondeurdringbaar vir knaagdiere en goggas, en bied uitstekende beskerming teen vuur.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V5.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.1.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.1.2	4
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.1.1 5.1.2	2 6
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer Evalueer, Besin/Nadink	30%	5.1.2 5.1.2	2 4
	Sintetiseer, Regverdig			

5.2 **(Ken 20 punte in totaal toe.)**



5.2.1 **(Ken 2 punte toe.)**

In FIGUUR K is die BMW Kunsmotor i5 – die Vloei Nostokana ('Art Car i5 – the Flow Nostokana'), 'n kontemporêre motornywerheid-ontwerp wat Ndebele-muur-verfpatrone, -vorme en -kleure gebruik vier en beklemtoon Afrika se artistieke en kulturele erfenis binne n kontemporêre globale ontwerp konteks. ☑ Die driehoekige motiewe van die patrone van Ndebele-muurverfwerk is goed geïntegreer met die gebruik van fatsoen- en kleurbeklemtoning om klem te plaas op die ontwerp van die motor se allooiwiele.☑ Daarby, omdat die motor tans slegs in Los Angeles beskikbaar is, dra dit by tot die bewaaring en bevordering van hierdie inheemse kunshandwerk tot 'n internasionale publiek.☑

5.2.2 **(Ken 8 punte toe.)**

1 punt vir die tradisionele kunshandwerk-/inheemse kulturele gemeenskap, 5 punte vir 'n bespreking van die materiale, metodes en prosesse en 2 punte vir die sosiale waarde en funksie van die kunshandwerk.



Naam van EEN tradisionele kunshandwerk-/inheemse kulturele gemeenskap wat die tradisionele kunshandwerk gemaak het

Muurverfpatrone deur AmaNdebele-gemeenskap.☑

Die materiale, metodes en prosesse gebruik om die tradisionele kunshandwerk te skep

Die Ndebele-gemeenskap gebruik natuurlike grondpigmente as **materiaal** om die geometriese patrone te skep.☑ Die patrone was oorspronklik tonaal en is deur die vroue se vingers geverf, maar die buitelyne en kleure het aansienlik verander.☑ Die kleure wat bygevoeg is om die skilderye te maak, was meestal natuurlike pigmente wat uit bruine, swarte en okers bestaan het.☑ Die meeste patrone het 'n V-fatsoen en 'n baie eenvoudige driehoek op 'n groot kleurfatsoen.☑ Die patrone, aardse kleure, rigtings en groottes was belangriker as die hedendaagse intense en helder kleure. Die vooruitgang in gereedskap het die skepping van vinniger en meer ingewikkelde ontwerpe op Ndebele-huise moontlik gemaak.☑ Die basiese verf op die huis is 'n kalk waarop etlike kleure aangewend word.☑ Een ding wat sedert die begin van die huis se verf en die hedendaagse muurkuns verander het, is hulle style. Wat eens op 'n tyd 'n vingerverfskepping was, word nou geskep deur saamgebondelde vere op stokkies as kwaste.☑

Die vroue moet gereedskap vir die groot geometriese platgekleurde fatsoene en klein kwassies vir die klein areas hê.☑ Die patrone en simbole het 'n sterk, swart buitelyn en 'n helder kleur aan die binnekant. Die pienk patrone is een van belangrikste aspekte in hulle kommunikasie deur verfwerk.☑ Hulle word gewoonlik regdeur hulle ontwerp met slegs 'n effense afwyking en verskillende kleurkeuses herhaal. Die patrone word op al die mure ten opsigte van hulle basiese ontwerpstruktuur gegroepeer.☑

Die sosiale waarde en funksie van die kunshandwerk in sy tradisionele konteks
Die helder simbole en uitdrukkings druk kommunikasies van persoonlike gebede, selfidentifikasie, waardes, emosies en die huwelik uit.☑ Soms is die manlike inisiasie, bekend as *ukuwela*, 'n rede om oor te verf, maar die ritueel self word nie uitgedruk nie.☑ In 'n sosiale en tradisionele konteks is die Ndebele-vroue dikwels die draers van tradisie en die hoofontwikkelaars van die muurkuns in hulle huise.☑ Die tradisie en styl van huisverf word van generasie tot generasie deur die moeders oorgedra. 'n Goed geverfde huis toon dat die vrou van die huis 'n goeie vrou en moeder is.☑ Sy is verantwoordelik vir die verf van die buitehekke, voorste mure, symure en gewoonlik die binnekant van haar huis.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

5.2.3 **(Ken 10 punte toe.)**
1 punt vir die naam van die ontwerper/ontwerpgroep en hulle produk(te), 6 punte vir doelwitte, invloede en materiale en 3 punte vir hoe tradisionele tegnieke/metodes en materiale op die relevante kontemporêre ontwerp toegepas is.




Lampe met glaskrale Lampe met houtkrale

Naam van ontwerp/ontwerpgroep en hulle produk(te)
Afrika-genre van draad en kralewerk deur Netshomi Zam.☑

Bespreek doelwitte, invloede en materiale van die ontwerper/ontwerpgroep se werk

Ontwerpgroep Netshomi Zam (wat beteken 'saam met vriende') het ten **doel** om die wese van tradisionele ambagsvakmanskap te preserveer deur tegnologie en hierdie kunshandwerke te vermeng om 'n kontemporêre ontwerp-estetiek te skep.☑ Netshomi Zam se doelwit was nog altyd om verskeie produkte met 'n realistiese voorstelling eerder as stilering te skep.☑ Mike Carella (Streetwires) se **invloed** is sigbaar in die gesweiste draadstruktuur en die draadkenner Riaan de Villiers is bekend vir sy vaardige kralewerk.☑ 'n Ander invloed by die maak van krale- en draadwerk

is tradisionele rituele, seremonies en inisiasie-rites, want sekere krale het sosiale betekenis, bv. beskerming, en verbinding met voorvaders, huwelikstatus, ens.☑

Netshomi Zam gebruik **materiale** soos glaskrale en saadkrale om kraleprodukte te skep wat varieer van installasies tot huisware en privaat opdragte.☑ Hulle eerste samewerking was met krale op 'n lewensgrootte, volledige en ingewikkelde beeldhouwerk van Nelson Mandela, wat tot die opdrag van nog 'n groter as lewensgroot beeldhouwerk van Mandela gelei het. Al die groot stutrame/rame is met die hand gebuig en aan mekaar gesweis.☑ Die proses behels 'n baie tydrowende werk om dit met krale te bedek; dit word dan deur 'n groep kralehandwerkkunstenaars van Streetwires gedoen.☑

'n Verduideliking van hoe die kontemporêre ontwerpproduk 'n aanpassing en voortsetting van die inheemse kunshandwerk-tegnieke is
Die kralewerk-hanglamp deur Netshomi Zam is 'n voorbeeld van 'n kontemporêre ontwerp wat tradisionele Suid-Afrikaanse kunshandwerk aanpas, m.a.w. kralewerk, om pragtige produkte te skep wat in 'n kontemporêre ontwerp inpas.☑ Die hanglamp is van 'n mandjieagtige vorm gemaak wat na onder front en aan die onderkant oopmaak.☑ Omdat alle kralewerk met die hand en deur verskillende kralehandwerkkunstenaars gedoen word, sal daar nooit identiese produkte wees nie. Hierdie tegniek is ook 'n aanneming en voortsetting van die 'handgemaakte' mandjies.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

GEEN punte moet gegee word vir herhaling van ontwerper(s) en hulle werk wat reeds in hierdie vraestel gebruik is nie.

V5.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.2.1 + 5.2.2	2 + 1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.2.3	3
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.2.2 5.2.3	4 4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.2.2	2
	Evalueer, Besin/Nadink		5.2.3	1
	Sintetiseer, Regverdig		5.2.3	3

VRAAG 6 [20 punte]

6.1 **(Ken 4 punte toe.)**



6.1.1 **(Ken 2 punte toe.)**
Die herwinde plantpotte in FIGURE L hierbo kan as volhoubare ontwerp beskou word omdat die materiaal wat gebruik is, maklik is om te verkry, bv. die plantpotte kan uit vuilgoeddromme gekry word.☑ Hierdie alledaagse materiale kan oral gekry word.☑ Wanneer die materiaal hernuwe word, help dit om 'n omgewing vry van besoedeling te handhaaf.☑

6.1.2 **(Ken 2 punte toe.)**
Hernuwing impliseer dat dit as iets heeltemal anders ingespan gaan word, bv. om 'n rugsak te maak uit 'n ongebruikte of ou paar jeans.☑ Produkte wat algemeen hernuwe word, is die plastiekhouers wat as lampe anders ingespan word (bv. Heath Nash).☑ 'n Bierbottel kan ook as 'n wynglas hernuwe word.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.


6.2 **(Ken 16 punte toe.)**
Ken 16 punte in totaal toe, 8 punte per gevallestudie:1 punt vir die naam van die ontwerper en ontwerp, 5 punte vir 'n bespreking van die doelwitte, materiale en prosesse en 2 punte vir 'n bespreking van die ontwerp-voorbeeld en hoe dit omgewingskwessies aanpak.



Naam van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep en EEN van sy/haar/hulle ontwerpe
I Scream & Red Stout-rugsak ('Back Pack') en Skootrekenaar-skouersak ('Laptop Sling Bag'), Kaapstad, 2015.☑

Die **doel** van I Scream & Red is om mense met gestremdhede en van landelike gebiede te bemagtig en te help, en om verbruikersvertroue te bou en hulle te verenig deur wat hulle dra.☑ I Scream & Red glo daarin om diegene om hulle se lewens aan te raak en te fokus op die impak wat dit op mense kan hê teen geen koste vir die Aarde nie. Hulle doelwitte sluit in om die Aarde te red deur planeetvriendelike items te skep, deur 'n ekovriendelike gemeenskap te ontwikkel en 'n planeetvriendelike verandering binne die modebedryf te skep.☑ I Scream & Red is 'n planeetvriendelike maatskappy en die sakke word uit herwinde en herontwerpte **materiale** geskep.☑ Die sakke word meestal uit sitplekgordels, motor- en huishoudelike stoffering en stofferingmonsterboeke gemaak.☑ By I Scream & Red word alle materiale binne die produksie-omgewing gevind om die gebruik van minimale koolstofvrystelling van elke produk te maksimeer.☑ Deel van die **prosessering** van die produk is om alle produkte met natuurlike of organiese katoen te bind om seker te maak dat dit groen geëndosseer is.☑

'n Analise van die ontwerpproduk met 'n verduideliking van waarom dit volhoubaar is en hoe dit omgewingskwessies aanpak
Die maatskappy lei mense met verskillende gestremdhede en uit benadeelde agtergronde op en bemagtig hulle met die vaardighede om hierdie produkte te skep en om hulle volhoubaar in diens te hou om hulle lewens betekenisvol te verander.☑ Dit skep ook aktiverings rondom mense met gestremdhede en leer hulle hoe om hulle eie besighede binne hulle eie ruimtes te ontwerp en te begin.



Naam van EEN kontemporêre internasionale ontwerper/ontwerpgroep en EEN van sy/haar/hulle ontwerpe
Die 'Grow It Yourself'-helm deur NOS Design and Polybion.☑

Hierdie sampioen-helm sal op jou groei soos wat dit groei. Die hele proses word op biologiese elemente gebaseer wat ten **doel** het om rommel te herontwerp.☑ Die helm is uit hooi en Miselium as **materiale** gemaak. Dit kan 100% tot kompos verwerk word, en verminder die gebruik van plastiek in 'n produk wat ná 'n kort tydjie weggegooi gaan word as gevolg van 'n kind se groeitempo.☑ Die proses om hierdie helm te maak, betrek die kinders ook by 'n betekenisvolle aktiwiteit wat hulle oor volhoubaarheid en veiligheid leer.☑ Die kinders word by die finale samestellingstadium van die groeiproses betrek: hulle voeg water by die Miselium-en-hooi-mengsel.☑ Hulle plaas dit dan in 'n gietvorm waar dit tot die vorm van 'n helm groei. Op hierdie manier leer kinders oor volhoubaarheid.☑ Die Miselium-swam groei soos spons en kan dus impak versag.☑ Die materiaal is liggewig, en omdat dit ligter is, verminder dit uitputting en verbeter dra-gerief. Die helm is meer higiënies omdat Miselium help om bakteriële groei en reuke te verminder.☑ Die materiale is lugdeurlaatbaar wat hitteopbou en ongemak verminder.☑ Die materiale is kostedoeltreffend omdat dit betreklik goedkoop materiale is, wat potensieel produksiekoste verminder.☑ Die helms kan pasgemaak word om op individuele kopvorme te pas en sodoende helms verskaf wat na maat gemaak en pasgemaak is.☑

Die helm is 'n volhoubare produk, van Miselium gemaak, wat die vegetatiewe deel van 'n sampioen-swam is.☑ Miselium is styf geweef in 'n massa takagtige netwerke, wat dit 'n sterk, volhoubare materiaal maak.☑ Die netwerke bestaan uit filamente wat natuurlike binders is en hulle is ook self-klewend op die oppervlak waarop hulle groei.

'n Analise van die ontwerpproduk met 'n verduideliking van waarom dit volhoubaar is en hoe dit omgewingskwessies aanpak
Die helm pak omgewingskwessies aan omdat dit 100% degradeerbaar is en dit verminder plastiekrommel wat in grondopvullingsterreine weggegooi word.☑ Sampioene is 'n hernubare hulpbron, wat dit 'n meer volhoubare opsie maak.☑ Dit verskaf 'n opvoedkundige geleentheid vir kinders omdat hulle by die volhoubaarheidsmaking-proses betrek word.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V6 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNINGS	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	6.1.1 + 6.1.2	1 + 1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		6.2	4
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	6.1.1 + 6.1.2 6.2	1 + 1 6
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	6.2	2
	Evalueer, Besin/Nadink			2
	Sintetiseer, Regverdig			2

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou